



My siel verlang na die huis van die HERE

Teks vir die preek:

“Hoe lieflik is u woninge, o HERE van die leërskaie!”.

Psalm 84

RM Retief

© by skrywer - 2010
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 84:1-2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 11:4, 5
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 84
7. Preek
8. Sing Psalm 84:3-4
9. Gebed
10. Sing Psalm 84:5-6
11. Kollekte
12. Sing Psalm 100:1-4
13. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

Saam met Dawid sê ons: “My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die Here; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God”. Dit beteken: ons het ’n smagtende verlange om hier in die erediens saam te kom, ’n brandende verlange na die Here self.

Ons sal in hierdie psalm op drie sake let:

- i. Dawid se verlange om na die huis van die Here te gaan**
- ii. Sy ywer om na die huis van die Here te gaan**
- iii. Sy vreugde in die huis van die Here**

In die eerste plek let ons nou op...

I. Dawid se verlange om na die huis van die Here te gaan

Hierdie psalm, net soos die ander psalms, is gesing tydens Israel se heilige samekomste. Die samekoms en erediens het by die tabernakel plaasgevind. Daar was sekere van die Leviete wat as musiekleiers en sangers aangestel was, wat Israel dan voorgegaan het in die speel en sing van die psalms sodat die hele volk hierdie psalms saam kon sing (1Kron.15:16 en 16:4,7). In Dawid se tyd was Asaf die musiekleier.

In vers 1 lees ons nou dat hierdie psalm van die kinders van Korag is. Ons kan dit vanuit die Hebreeus egter ewe goed vertaal met: “Vir die kinders van Korag”. Die kinders van Korag was ’n familie Leviete wat ook as sangers opgetree het. Ons lees byvoorbeeld daarvan in 2Kron.20:19.

Die psalm self, psalm 84, is waarskynlik deur Dawid geskryf, terwyl die kinders van Korag verantwoordelik was vir die musiekbegeleiding.

En nou sing die volk wat in ’n heilige erediens vergader het, daar by die Tabernakel, en sê: “Hoe lieflik is u woning, o HERE van die leërskaer! My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE...”.

Die woning van die Here, vers 2, wys op die tabernakel of tempel van die Here, met sy heilige en allerheiligste afdelings. Dis die woning van die Here. Die voorhowe

van die Here, vers 3, wys op die buitehof en die binnehof by die tempel. Dit is waar Israel moes vergader om op die heilige feesdae die Here te aanbid.

Nou moet ons daarop let dat die NT hierdie tabernakeldiens die erediens noem, byvoorbeeld in Hebr.9. Dit gaan in hierdie psalm oor die openbare aanbidding van die Here in sy tempel – in die NT: die erediens.

In die NT word die geméénte nou die tempel van die Here genoem. Hy maak sy woning in die midde van sy gemeente, Hy woon in ons deur sy Gees, sodat die gemeente self nou sy woning en sy tempel genoem word.

Wanneer ons egter van die vreugde sing om na die Here se huis op te gaan, gaan dit nie oor 'n los aantal individue in wie die Gees woon nie. Nee, die gemeente is 'n vergadering wat sigbaar in 'n erediens saamkom, waar die woord van die Here amptelik bedien word. Hier in die erediens vind ons die wáre vervulling van die tabernakeldiens. Die erediens is die Nuwe Testamentiese tabernakeldiens. Hier in die erediens vind ons álles waarvan die tempel in die OT maar net 'n simbool was.

Ons kan die woorde van psalm 84 nou nog beter verstaan, in die NT, omdat die vólle betekenis daarvan nou aan ons geopenbaar is. Want hier in die erediens is ons vergader in die ware tabernakel, waar Christus in die prediking aan ons bedien word, sy offer en sy reiniging. Hier in die erediens vind ons die altare van die Here. Hier eet ons die ware brood van die lewe en is Christus die ware lig wat ons lewe verlig.

Natuurlik eet ons daaglik van Christus wanneer ons sy woord elke dag lees tydens ons stiltetye, tydens huisgodsdien. Maar hier in psalm 84 gaan dit oor die openbare erediens in die tempel van God.

Ons verlange om op te gaan na die huis van die Here, is 'n verlange na die openbare erediens, waar die Here ons saamroep voor sy aangesig; hier waar Christus self aan ons bedien word in die evangelie van versoening.

Die verlange om in die erediens saam te kom, is ten diepste 'n verlange na die Here Self, om saam met die gemeente met die lewende God gemeenskap te hê.

Daaroor skryf Dawid, en daarvan sing die gemeente in hierdie psalm.

“My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die Here; my hart en vlees jubel uit tot die lewende God”.

Dawid noem net die voorhawe van die tabernakel, omdat hy nie 'n priester was nie; en net die priesters toegelaat is om verder in te gaan in die binneste heiligdom. Die rede waarom hy so smagtend verlang om na die tabernakel te gaan, se hy, is om gemeenskap te hê met die lewende God, al mag hy as't ware net by die drumpel van die tempel staan.

Hy het natuurlik geweet dat God nie opgesluit is binne in die tent van samekoms nie, maar hy het besef dat die aardse tabernakel gegee is as 'n model van die hemelse.

In die erediens buig God Homself neer na ons toe en trek ons as't ware op na Hom toe. Die erediens waarin ons saamkom is as't ware 'n model van die hemelse erediens waar die gemeente deur die offer en versoening van Christus rondom die troon van God vergader is, waar hulle Hom voortdurend aanbid.

Ja, die verlange om na die erediens te gaan, is 'n verlange na God self, om deur Hom gevoed en versterk te word. Daarom is dit so 'n smagtende verlange.

Dawid beskryf dit vir ons met 'n vergelyking in vers 4. Hy sê: "Selfs vind die mossie 'n huis en die swaeltjie 'n nes vir haar, waar sy haar kleintjie neerlê...". En dan staan daar in ons vertaling: "naamlik u altare". Dit klink dan asof die mossies en die swaeltjies by die altaar nesmaak. Maar die woord "naamlik" is hier deur die vertaler ingevoeg. Vanuit die Hebreeuse teks moet ons dit eerder só vertaal: "Selfs vind die mossie 'n huis en die swaeltjie 'n nes vir haar, waar sy haar kleintjies neerlê" (Punt). En dan roep Dawid dit uit: "o, U altare! Here van die leërskaare, my Koning en my God".

Met ander woorde, Dawid sê nie hier dat die mossies en die swaeltjies hulle nesses by die altaar maak nie. Nee, hy maak 'n vergelyking. Hy sê: soos wat die mossie 'n huis het en soos wat die swaeltjie 'n nes het, so vind hy sy tuiste by die Here se altare. Daar vind hy sy rus. Daar waar die Here van die leërskaare self vir hom verlossing bied – by die altaar. Daar waar die versoening bedien word.

Hy praat van die altare in die meervoud. Behalwe die brandofferaltare was daar ook die reukofferaltare, waar die priester wierook gebrand het en voorbidding gedoen is – simbool van ons enigste Hoëpriester, Christus, wat vir ons intree. Dawid vind sy rus by die brandofferaltare waar God self sy sondeskuld wegneem, en by die reukofferaltare waar hy as verlore in gebed tot God mag gaan, al was dit dan in die OT deur die middelaarskap van 'n Levitiese priester.

Natuurlik het hy ook in sy slaapkamer gebid, maar hy verlang daarna om saam met God se volk te vergader, daar waar die versoening amptelik bedien word en die Here in 'n openbare erediens aanbid word. Hy is nie 'n verdwaalde skaap wat alleen ronddwaal nie; hy is deel van die kudde, deel van die gemeente, wat saam vergader rondom die Here se altare.

Hy sê as't ware in vers 4: As ek nie kan opgaan na die huis van die Here nie, as ek nie met die gemeente kan saamkom by die altare van die Here nie, dan is ek armer as 'n mossie, dan het die swaeltjies meer troos as ek, want dan vind ek geen rusplek nie.

As ons nie met die gemeente kan saamkom voor God se aangesig om in sy genade bevestig te word nie, dan het ons lewe geen betekenis meer nie. Dan verdor ons siel.

Dawid was tydelik verhinder om na die tabernakel op te gaan. Ons weet nie wanneer dit gebeur het nie. Miskien was dit toe hy gevlug het vir Absalom, ons weet nie. Maar wat dit ook al was wat hom tydelik verhinder het om na die tabernakel op te gaan, hy sien dit as sy grootste nood. Dit is sy grootste ellende dat hy tydelik verhinder is om op te gaan na die huis van die Here. Met sy hele siel dors hy daarna om weer rus te vind by die Here se altare.

Daar was sekerlik baie mense wat graag vir Dawid sou wou huisves. Hy het nie gebrek gehad aan blyplek nie. Maar geen blyplek kan hom vreugde verskaf solank hy verwyder is van God se altare nie. Al sou die hele wêreld wedywer om vir hom blyplek en gerief te gee, kan hy geen vreugde vind solank hy verwyder is van die Here van die leërskaer, sy Koning en sy God nie. Sy verlange is na die lewende God, in besonder: daar waar die Here sy volk in die erediens saamroep. Daarsonder vind hy geen rus of vrede vir sy siel nie.

Hy sê verder, in vers 5: "Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis; hulle prys U gedurig"

Dit is net die wat in die Here se huis woon, dié wat voortdurend sy altare opsoek, wat Hom gedurig kan prys. Om in die Here se huis te woon beteken, om jou rus en vrede te vind by die Here se altare. Om jou vreugde te vind in sy verlossing en rus te vind in sy genade. Dit vind jy nêrens anders nie, as net in die Here se huis, by sy altare – hier waar

jy saam met sy gemeente vergader rondom die altare van die Here. Hier word jy onderrig in die evangelie van Jesus Christus, hier word die versoening aan jou bedien, wanneer jy die evangelie hoor en glo.

Dit is dán dat ons begin om die Here te prys, wanneer ons die Vader se liefde en genade deur Christus leer ken. Wanneer ons deur sy offer met God versoen is, dán loop ons oor van danksegging en aanbidding.

Maar dit beteken ook dat diegene wat nie in die huis van die Here woon nie, die Here ook nie kan prys nie. Wie nie saam met die gemeente van die Here rondom sy altare vergader nie, kan ook geen vreugde in die Here ken nie. Dit is net dié wat by die altare van die Here gevoed word, wat gelukkig is. Hulle is welgeluksalig, omdat hulle gemeenskap het met die lewende God. Hulle is welgeluksalig omdat hulle by sy altare bedien word met die ewige evangelie.

Daarom, vers 5, prys hulle die Here gedurig.

Dawid verduidelik dit verder in vers 6. Hulle is welgeluksalig, omdat hulle in die huis van die Here geleer word om alleen op die Here te vertrou, om hulle sterkte in die Here te vind. En daar, in sy huis, word hulle in sy gebaande weë onderrig.

Daar staan: “Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is”. Dawid wys ons daarop dat sy siel smag om na die erediens te kom, nie sodat sy oë bevredig kan word deur uiterlike skoonheid nie, maar sodat hy in die gelóóf kan groei.

Hy kom na die huis van die Here sodat hy sy sterkte in die Here kan vind. Dit wil sê: sodat hy geleer kan word om al sy vertrouwe op die Here alleen te stel.

Hier in die erediens word ons ook onderrig sodat die gebaande weë van die Here in ons hart kan wees. Hy noem dit die gebaande weë van die Here. Dit is net hulle wat op hierdie gemaakte pad loop, wat gelukkig is. Daar is niks so skadelik vir die mens as om te vertrou op sy eie insig en sy eie kop te volg nie. Sodra iemand afwyk van die gebaande weg van die Here, hoe gering die afwyking ook al is, lei dit tot ellende. Wie in die minste afwyk van die Here se wet, kan nie gelukkig wees nie. Die lewe is net vir hulle wat op die gebaande weë van die Here bly. Net hulle is gelukkig, welgeluksalig, wie se

hoogste begeerte dit is om God se wil te gehoorsaam; wat daarna verlang om in ware gemeenskap met die lewende God te leef.

Daarom verlang hy om te vergader rondom die altare van die Here, omdat daar niks beter is nie as om op die Here alleen te vertrou, op sy verlossing en in sy gebaande weë onderrig te word.

In die tweede plek let ons op...

II. Dawid se ywer om na die huis van die Here te gaan.

“As hulle deur die droë laagte trek, maak hulle dit ’n fonteinland...” – vers 7.

Die gelowige se verlange om na die Here se huis te gaan is so groot dat niks hom kan keer nie. Soos die spreekwoord sê: Waar daar ’n wil is, is daar ’n weg. Al moet dié wat na die huis van die Here opgaan deur ’n woestyn trek, dan verander die woestyn vir hulle in ’n fonteinland.

Dit is wat vers 7 sê.

Die “Droë Laagte” wys op woestyng gebied. Dit was baie moeilik en gevaarlik om deur die woestyn te trek waar daar geen water is nie en waar die son moordend brand. Dat hulle dit ’n fonteinland maak, beteken dat hulle verlange om by die tempel te kom so groot is, dat selfs die dorste pad, wat vir ander ’n hindernis sal wees, vir hulle in ’n lus verander, ’n heerlike pad. Selfs die grootste hindernis, lyk na ’n kleinigheid. Ja, dit word selfs vir hulle ’n vreugde om in die brandende son oor die woestynvlaktes voort te trek op pad na die Here se huis. Want niks is vir die gelowige begeerliker as om in die erediens saam te kom nie. Hy sal as’t ware oor land en see reis om daar te wees waar die Here aanbid word. Geen moeilikhede of hindernisse kan die gelowige se ywer blus om op te gaan nie. Selfs al loop die pad na die Here se huis deur ’n woestyn, maak hulle vreugde in die Here dit ’n fonteinland.

Met hierdie woorde word diegene bestraf wat geen ongerief wil verduur in hulle godsdiens nie, en geen opoffering sal maak om saam met die gemeente die Here te aanbid nie. Wat vir enige rede wegbly van die erediens.

Solank as wat die diens aan God geen inspanning van hulle vra nie en dit nie nodig is om opofferings te maak nie, is hulle heeltemal gewillig om hulleself knegte van God te noem.

Maar hulle sal geen ongerief verduur of selfs die kleinste opoffering maak om te gaan luister na die verkondiging van die evangelie nie.

Hierdie traagheid hou duisende by die huis vasgevang in hul eie gerief. Hulle vind meer vreugde daarin om vir familie te gaan kuier as om na die Here se huis te gaan. Hulle sit eerder voor die TV. Hulle braai eerder 'n vleisie. Ander gaan voort met hulle daaglikse arbeid en die sorg van die lewe. Ander sê: "Sunday is funday!", 'n dag vir wêreldse plesier.

Maar die wat die Here van harte liefhet, gaan met alle ywer op na die Here se huis, nie net wanneer die pad maklik en plesierig is nie, en ons 'n tydjie oop het daarvoor nie, maar selfs ook al loop dit deur dorre woestyn.

Wie so met ywer na die huis van die Here gaan, sal ook in moeilike omstandighede oordek word met die vroeë reën van God se seënninge, sê hy. Hulle sal ook al moet hulle deur 'n woestyn trek om op te gaan na die tempel, daar in die woestyn deur die Here gelaaf word, sodat die pad vir hulle 'n vreugde word.

Vers 8 sê: "Hulle gaan van krag tot krag; elkeen van hulle sal verskyn voor God in Sion". Die Here het sy volk beveel om op te gaan na die tempel in Sion, dit is: die tempel in Jerusalem. Daar moet die heilige samekomste plaasvind. Daarheen moet die volk optrek.

Die wat gehoor gee aan die Here se bevel, hulle sal gaan van krag tot krag, sê hy, hulle sal deur die Here self versterk word wanneer hulle na sy huis opgaan.

En so lê Dawid dit nou aan die Here voor in gebed. Here, ek verlang om na u huis te gaan. Hoor my gebed. Hy sê, vers 9: "HERE, God van die leërskare, hoor my gebed; luister tog, O God van Jakob".

Hy spreek die Here hier aan as die God van die leërskare. Die leërskare wys hier op die volk Israel. Israel is ook by hulle uittoeg uit Egipte die leërskare van die Here genoem – Ex.12:41. Die woord leërskare self wys op 'n menigte. Soms word die woord leërskare gebruik om te verwys na die derduisende engele van God, en soms wys die woord leërskare na die menigte sterre in die hemel. Wanneer die Here "die Here van die leërskare" genoem word, wys dit op sy majesteit en grootheid. Soos 'n koning wat deur sy leërs omring word, so is die duisende der duisende engele 'n leërskare om sy troon. Die term wys dus op sy koninklike majesteit, 'n Koning wat deur menigtes gedien word.

Maar hier word Israel 'n leërskaare genoem. Dawid bid tot die God van die leërskaare, die God van Jakob. Jakob is die leërskaare. Die God van die leërskaare is die God wat getrou gebly het aan sy beloftes en Israel 'n menigte gemaak het, Hy het volgens sy belofte Jakob 'n groot leërskaare gemaak, 'n leërskaare wat optrek na sy huis.

Dawid bid nie hier as individu wat net sy eie begeerte uitspreek nie. Hy bid hier as die gesalfde van die Here. As koning oor Israel bid hy hierdie gebed namens die volk. Vers 10: "o God, ons skild, kyk en aanskou die aangesig van u gesalfde". Hy noem homself die Here se gesalfde, want die Here het Samuel gestuur om Dawid as koning oor Israel te salf.

Maar die woord "gesalfde" wys ons ook op die groot Gesalfde van die Here wat sou kom. Christus is Koning oor sy kerk, Koning oor sy volk. En Hy tree vir ons in by die Vader, sodat ons God ons skild kan noem, ons Beskermer.

In Christus vind die hele tabernakeldiens sy vervulling. En aangesien Christus nou reeds aan die kruis gesterf het, en die voorhangsel van die allerheiligste weggeneem het, vergader ons nou hier in die erediens voor God se troon in die allerheiligste.

Profeties wys hierdie psalm ons dus ook op die groot Seun van Dawid, dié Gesalfde, wat gekom het, wat nou vir ons intree, deur Wie God self ons skild geword het, dit wil sê: ons Verlosser en Beskermer.

In die derde plek let ons op...

III. Dawid se vreugde in die huis van die Here

"'n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liever by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid".

Dawid bely dat dit die hoogste doel van sy lewe is om God te dien en dat een dag in diens van God vir hom baie meer werd is as om 'n lang tyd te leef in die geselskap van goddelose.

Dawid is nie 'n priester wat mag ingaan in die binneste heiligdom nie, nogtans is dit vir hom beter om as't ware by die drumpel van die Here se tent te staan, as om volle toegang te hê tot die tente van goddeloosheid.

Hy verkies om 'n nederige plek in te neem, solank hy maar saam met God se volk kan vergader, eerder as wat hy die hoogste eer ontvang tussen ongelowiges.

Ons kan in hierdie verband ook dink aan wat Dawid in Ps.27 sê. Hy sê in Ps.27:5: “Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek seek: dat ek my hele lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel”. Daar is vir ons niks heerliker of meer begeerlik nie.

Waarom vind ons soveel vreugde in die huis van die Here? Waarom is ons welgeluksalig as ons ons rus by sy altare seek? Dawid gaan verder om die rede vir sy verlange uit te spreek: “Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie” – vers 12.

Soos die son lig gee en die plante laat groei, so verlig die Here ons en gee Hy ons die lewe. Ons ontvang die lewe net as ons in die lig van sy aangesig wandel.

En as hy die Here met 'n skild vergelyk, beteken dit dat ons verlossing veilig en seker is onder sy beskerming.

Welgeluksalig is die mens wat in die Here se huis woon, welgeluksalig is die mens wat sy sterkte in die Here vind, want die Here – en Hy alleen – gee genade en eer. Hy sal die goeie nie terughou van die wat Hom in opregtheid dien nie.

En so eindig Dawid hierdie gebed: “HERE van die leërskaer, welgeluksalig is die mens wat op U vertrou!” – vers 13.

Ons gaan op na die huis van die Here om ons sterkte in Hom te vind. Ons siel smag na sy altare, want ons vertroue is alleen op sy verlossing. Ons kom na die erediens omdat ons nie op onself vertrou nie, maar al ons vertroue op die Here stel en al ons krag in Hom seek.

Dit is hier in die erediens waar ons ons sterkte in die Here vind en Hy sy genade aan ons uitdeel.

Hoe hartseer is dit wanneer iemand nie met die gemeente wil saamkom nie, wanneer iemand die samekoms in die huis van die Here verag. Hoe dwaas is dit om jouself so te beroof van die ware lewe en vreugde. Want hier in die erediens het die Here met ons 'n afspraak om ons deur die verkondiging van sy woord en die bediening van die sakramente

te voed en te heilig. Hier in die erediens word die evangelie van versoening met God bedien.

Dit is hier in die erediens wat die Here deur die verkondiging van die evangelie, deur die verkondiging van Christus, aan ons rus gee.

Net in die Here se huis is daar vreugde en rus te vind.

Ten slotte

Vir die gelowige is Sondag die hoogtepunt van die week. Want dan trek God se volk op na sy huis om te vergader rondom sy altare. Hier kom ons saam in sy voorhowe. Veel meer nog: deur Christus gaan ons nou in tot in die allerheiligste teenwoordigheid van God. In Christus het ons nou die volle openbaring van God se verlossing in Christus, en mag ons nou as konings en priesters in sy huis saamkom – nie meer by 'n tabernakel wat 'n skadubeeld was van die verlossing nie, maar in 'n erediens waar Christus nou self ons tabernakel is en waar Hy ons neem tot in die troonkamer van God.

Laat ons die evangelie glo en met ywer die huis van die Here opsoek. Laat ons saam met die kerk van alle eeue sê: Hoe lieflik is dit om in 'n erediens saam te kom waar God geëer word en sy genade bedien word. Ons siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE; ons hart en vlees jubel uit tot die lewende God.

Laat ons ons rus soek by sy altare. Hy is ons Verlosser en Beskermer. Hy verlig ons en gee aan ons die lewe. In Hom is ons sterkte. By sy altare vind ons rus.

Amen.